

Dr. A. NOORDTJIJ, *Het Boek Numeri opnieuw uit de grondtekst vertaald en verklaard*. Tweede druk, J. H. Kok, N. V. Kampen, 1957.

Ook die laaste, deur die ontslape Utrechtse Ou-Testamenticus verwerkte deeltjie in die serie Korte Verklaring der Heilige Schrift het in 'n tweede druk verskyn, ewe-eens onveranderd van die eerste. Waar die eerste druk telkens die resultate van die skool van Wellhausen bestry in verband met die ontstaan van die Pentateuch, is dit nog te begrype, maar in 'n publikasie van 1957, is dit seker nie meer op sy plek nie; die Ou-Testamentiese wetenskap het nie stilgestaan van 1941 af nie, maar die swaatepunt het inmiddels verskuiwe. Die nagedagtenis van die skrywer kon beter geëer gewees het.

E. S. MULDER.